Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE EFFEKTIEF WAS DIE STRATEGIEË VAN DIE BLACK SASH IN DIE 1980's OM TEEN DIE APARTHEIDSREGIME TE MOBILISEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Volgens die bron, watter optrede deur die apartheidsregering het tot die stigting van die Black Sash in 1955 gelei? (1 x 2) (2)

1.1.2 Definieer die term *kieserslys* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Noem enige TWEE vroue in die bron wat in 1955 die Women's Defence of the Constitution League (Black Sash) begin het. (2 x 1) (2)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Nasionale Party-regime nie van die Black Sash gehou het nie. (2 x 2) (4)

1.1.5 Verduidelik die implikasie van die stelling, '… onderskeie raadgewende kantore van die Black Sash … het kritieke weerstandspunte vir die swart meerderheid geword …', in die konteks van uitdagende apartheidswetgewing. (1 x 2) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die woorde op die banier, 'MINAGTING IS DIE REG TOT VREEDSAME VERSET', in die konteks van die Black Sash se strategieë om apartheidswetgewing teen te staan. (2 x 2) (4)

1.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Black Sash 'n plakkaat vertoon het waarop 'EEN MENS EEN STEM' gestaan het. (1 x 2) (2)

1.3 Verwys na Bron 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1B ondersteun met betrekking tot die strategieë wat deur die Black Sash teen apartheidswetgewing gebruik is. (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer Bron 1C.

1.4.1 Volgens die bron, hoe het wit Suid-Afrikaners gereageer op die feit dat hulle eie regime vir wydverspreide veroordeling uitgesonder is? (1 x 2) (2)

1.4.2 Identifiseer TWEE bekommernisse wat in die bron genoem word oor die behandeling van kinders deur die apartheidsregime. (2 x 1) (2)

1.4.3 Haal 'n frase uit die bron aan wat aandui hoe die skrywer voorstel dat daar oor die aard en implikasie van die behandeling van kinders besin moet word. (1 x 2) (2)

1.4.4 Verduidelik wat Marie Dyer bedoel met die stelling, 'ons "Westerse Christen"-samelewing (het) beslis ons aanspraak op algemene beskaafdheid' teenoor kinders verloor'. (1 x 2) (2)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Volgens die bron, wat was die Black Sash se beleid as 'n organisasie met betrekking tot protesaksie teen die apartheidsregering? Gee EEN antwoord. (1 x 2) (2)

1.5.2 Verduidelik die term *eensame opsluiting* in die konteks van die beleid wat deur die apartheidsregering voorgestaan is ten opsigte van die hantering van anti-apartheidsbetogers. (1 x 2) (2)

1.5.3 Waarom, dink jy, is Janet Small ná haar vrylating uit die tronk verbied om met joernaliste te praat of om vir enige publikasie te skryf? (2 x 2) (4)

1.5.4 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van die bron vir 'n geskiedkundige wat PW Botha se regering se hantering van leiers van die Black Sash navors. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe effektief die strategieë van die Black Sash in die 1980's was om teen die apartheidsregime te mobiliseer. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM WAS DIE MOHAPI-FAMILIE ONTEVREDE MET DIE MANIER WAAROP DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE DOOD VAN MAPETLA MOHAPI IN 1976 HANTEER HET?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Volgens die bron, in watter dorpie is Mapetla Mohapi gebore? (1 x 1) (1)

2.1.2 Haal 'n rede uit die bron aan waarom Mohapi en ander leiers van SASO en die 'BPC' in November 1974 aangehou is. (1 x 2) (2)

2.1.3 Waarom, dink jy, is Mohapi in September 1975 tot King William's Town beperk? (1 x 2) (2)

2.1.4 Watter gevolgtrekking kan gemaak word uit die feit dat Mapetla 20 dae nadat hy onder polisiebewaking aangehou is, gesterf het? (1 x 2) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Identifiseer DRIE redes in die bron waarom mev. Mohapi op 15 April 1996 die WVK-menseregteskendingsverhore bygewoon het. (3 x 1) (3)

2.2.2 Definieer die term *geregtelike doodsondersoek* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling: 'Daar was 'n polisieman … en hy het bevestig dat hierdie man (Mohapi) nooit sy lewe sou neem nie', in die konteks van Mapetla Mohapi se dood. (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik waarom Nonhle Mohapi verbaas was nadat sy die saak in die Hooggeregshof verloor het (1 x 2) (2)

2.2.5 Verduidelik waarom 'n geskiedkundige hierdie bron as betroubaar sou beskou wanneer navorsing gedoen word oor hoe die WVK die Mohapi-saak hanteer het. (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Waarom sou die Mohapi-familie die sel wou besoek waarin Mapetla oorlede is? (2 x 2) (4)

2.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom hierdie foto 41 jaar na Mapetla Mohapi se dood in die *Amandla*-koerant verskyn het. (1 x 2) (2)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Haal VIER bewyse uit die bron aan wat aandui waarom Valela harde woorde vir die WVK gehad het. (4 x 1) (4)

2.4.2 Identifiseer TWEE redes in die bron wat verduidelik waarom sommige geregtelike doodsondersoeke suksesvol heropen is. (2 x 1) (2)

2.4.3 Verduidelik die term *eerbewys ná apartheid* in die konteks van mense wat teen apartheid geveg het. (1 x 2) (2)

2.4.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarna die bron as 'die skandelike toestand van sake' met betrekking tot Mohapi se dood verwys. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2B en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2D die bewyse in Bron 2B ondersteun met betrekking tot die uitdagings waarvoor die familie te staan gekom het om Mapetla Mohapi se saak verder te voer. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom die Mohapi-familie ontevrede was met die manier waarop die WVK die dood van Mapetla Mohapi in 1976 hanteer het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET HANDELSBETREKKINGE TUSSEN DIE 1970's EN 2023 TUSSEN CHINA EN AFRIKA ONTWIKKEL?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Volgens die bron, wat het China se handelsbetrekkinge sedert die 1970's 'n hupstoot gegee? Gee TWEE antwoorde. (2 x 1) (2)

3.1.2 Noem DRIE faktore in die bron waarop die ekonomiese verskuiwings gebaseer is wat China se handelsbetrekkinge met ontwikkelde en ontwikkelende lande verstewig het. (3 x 1) (3)

3.1.3 Verduidelik hoe die vrymaking van handel tot China se uitbreiding in ander dele van die wêreld bygedra het. (1 x 2) (2)

3.1.4 In die konteks van China-Afrika-betrekkinge, lewer kommentaar op die implikasie van die stelling, 'Alhoewel hierdie verbintenis (China s'n) in die verlede deur hulp (bystand) gedryf is, word dit deesdae meer deur die ekonomie gedryf en deur handel en belegging ondersteun.' (1 x 2) (2)

3.1.5 Definieer die term *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Volgens President Xi Jinping, noem DRIE aspekte van die industriële promosie-inisiatief wat China sal implementeer om samewerking met Afrika te versterk. (3 x 1) (3)

3.2.2 Verduidelik die konsep *landboumodernisering* in die konteks van samewerking tussen China en Afrika. (1 x 2) (2)

3.2.3 Waarom, dink jy, was China gretig om landbouhulp aan Afrikalande te verskaf? (2 x 2) (4)

3.2.4 Lewer kommentaar op hoe China toewyding getoon het om samewerking met Afrika te verstewig. (1 x 2) (2)

3.2.5 Verduidelik die beperkinge van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die handelsbetrekkinge tussen China en Afrika navors. (2 x 2) (4)

3.3 Verwys na Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3A ondersteun met betrekking tot beleide wat handelsbetrekkinge tussen China en Afrika bevorder. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3C.

3.4.1 Verduidelik die simboliese verteenwoordiging van die volgende elemente in die spotprent:

(a) Die dierevoerbak (krip) met 'n belegging van $12 miljard wat deur die Afrika-koei geëet word (1 x 2) (2)

(b) China wat die Afrika-koei melk (1 x 2) (2)

3.4.2 Lewer kommentaar op waarom die VSA as verras en geskok uitgebeeld word. (1 x 2) (2)

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Kies TWEE uitdagings uit die bron wat die Belt and Road Initiative (BRI)-infrastruktuurbelegging vir Afrikalande geskep het. (2 x 1) (2)

3.5.2 Verduidelik die implikasie van die stelling, '… (China) het skuldmoerasse gebruik om hulle invloed oor Afrikalande uit te brei …,' in die konteks van China-Afrika-betrekkinge. (1 x 2) (2)

3.5.3 Identifiseer enige TWEE Afrikalande in die bron wat die jaarlikse Belt and Road Initiative Forum in Beijing bygewoon het. (2 x 1) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe handelsbetrekkinge tussen die 1970's en 2023 tussen China en Afrika ontwikkel het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Politieke vrymaking van swart Suid-Afrikaners was die enigste fokus van die Swartbewussynsbeweging.

Bespreek hierdie stelling krities met verwysing na die filosofie en optrede van die Swartbewussynsbeweging gedurende die laat 1960's en 1970's. Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Verduidelik tot watter mate die politieke wilskrag en vasbeslotenheid van leiers van verskillende politieke partye tydens die onderhandelingsproses in 1994 tot 'n demokratiese Suid-Afrika gelei het.

Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Mikhail Gorbachev se beleide vanaf die middel-1980's het tot die opkoms van 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika bygedra.

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**MEI/JUNIE 2025**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**VRAAG 1: HOE EFFEKTIEF WAS DIE STRATEGIEË VAN DIE BLACK SASH IN DIE 1980s OM TEEN DIE APARTHEIDSREGIME TE MOBILISEER?**

**BRON 1A**

Die uittreksel hieronder is geneem uit 'n artikel met die titel 'The Conscience of White South Africa: Celebrating the Black Sash, 60 Years Later', geskryf deur M Thamm, 'n joernalis. Dit het op 14 Mei 2015 in die *Daily Maverick*-koerant verskyn. Dit fokus op die stigting en strategieë van die Black Sash.

Die Black Sash is op 19 Mei 1955 oor 'n koppie tee deur ses wit middelklasvroue begin wat woedend (kwaad) was oor die destydse regering se pogings om burgers van kleur uit die kieserslys te verwyder. Die Black Sash het in 'n doeltreffende mag vir verset en verandering ontwikkel wat as 'n sigbare prikkel (dryfveer) gedien het vir die gewetens van diegene wat 'n onregverdige stelsel geïmplementeer het en daardeur bevoordeel is. Jean Sinclair, Ruth Folley, Elizabeth Mclaren, Tertia Pybus, Jean Bosazza en Helen Newton-Thompson het die Women's Defence of the Constitution League* bekendgestel. De organisasie het 'n konferensie in Port Elizabeth gehou.

Strategieë wat deur hierdie 'swygsame (stil) susterskap' gebruik is, het 'black-sashing' – of die dra van 'n swart lyfband – tydens stille verset vanaf die openbare galery in die Parlement ingesluit. Die vroue se minagtende kyke het ongetwyfeld bygedra om die ministers van die regerende Nasionale Party te ontstel wat hierdie groep klaarblyklik goed geklede, beskaafde (goed gemanierde) en meesal Engelssprekende wit vroue verafsku (gehaat) het wat hulle posisie gebruik het om hulle uit te daag.

Die onderskeie raadgewende kantore van die Black Sash het in die 1980's oor die hele land versprei. Hulle is deur vrywilligers beman en het kritieke weerstandspunte vir die swart meerderheid geword met betrekking tot die uitdaging van apartheidswetgewing, massa-arrestasies, toegang tot inligting en soms eenvoudig om voedselverskaffing en ander noodgevalle te hanteer. Die raadgewende kantore het gratis dienste aangebied, ook met betrekking tot kwessies soos werkloosheid, behuising, pensioene en toegang tot gesondheidsorg. Die Black Sash was ook 'n baie waardevolle (hulpvaardige) bron van inligting vir koerante, wat in baie moeilike omstandighede gewerk het met voortdurende teistering deur die regering, om noodsaaklike (belangrike) nuus onder die aandag van joernaliste te bring.

[Uit *Daily Maverick*-koerant, 14 Mei 2015]

***Women's Defence of the Constitution League:** Die amptelike titel van die Black Sash

**BRON 1B**

Die foto hieronder het op 3 Oktober 2015 in *The Observation Post – South African Military History*-uitgawe verskyn. Dit beeld lede van die Black Sash uit wat in Augustus 1989 die Mass Democratic Movement (MDM) se veldtog van minagting met anti-apartheidsplakkate in Kaapstad ondersteun.




[Uit *The Observation Post – South African Military History*, 3 Oktober 2015]

**EEN MENS EEN STEM**

**ONTBAN BEPERKTE ORGANISASIES**

**MINAGTING IS DIE REG TOT VREEDSAME VERSET**

**BLACK SASH**

**BRON 1C**

Die uittreksel hieronder is uit 'n brief met die titel 'Vervolging van kinders' deur Marie Dyer, 'n verteenwoordiger van die Association for Rural Advancement (AFRA) en gereelde skrywer vir die Natal Midlands Black Sash (NMBS). Dit is aan die plaaslike pers (*The Natal Witness*) geskryf ter ondersteuning van die Free the Children-veldtog wat op 10 Desember 1986 deur die Black Sash bekendgestel is.

Wit Suid-Afrikaners voel dikwels gegrief (ontsteld) dat in hierdie wrede en gewelddadige wêreld ons eie regime tussen al die ander tiranne (onderdrukkers) vir wydverspreide veroordeling uitgesonder word …

Maar in die laaste tyd is daar 'n aspek van Suid-Afrikaanse onderdrukking wat blyk nie opsigself oortref of geëwenaar word deur ander regimes wat wit Suid-Afrikaners luid veroordeel nie. Ek verwys na die doelbewuste veldtog teen kinders wat gedurende die noodtoestand verskerp is, en steeds voortduur.

Die noodtoestand is amptelik verby, maar kinders in baie plekke is steeds die spesifieke teikens van amptelike vervolging (marteling) en teistering. Die skade wat deur hulle ervarings aangerig word, sal hulle – en ons – vir die res van hulle lewens altyd bybly.

Die Black Sash stel voor dat 1 Junie, hierdie jaar (1987), as 'n nasionale kinderdag gevier word wanneer Suid-Afrikaners gevra sal word om oor die aard en implikasies van hierdie gebeurtenisse te besin (na te dink). Deur dit te verdra, het ons 'Westerse Christen'-samelewing beslis ons aanspraak op algemene beskaafdheid verloor.

[Uit *STANDING ON STREET CORNERS – A History of the Natal Midlands Region of the Black Sash* deur M Kleinenberg en C Merrett]

**BRON 1D**

Die uittreksel hieronder is uit 'n boek wat in 1991 verskyn het. Die boek met die titel *Black Sash, The Beginning of a Bridge in South Africa* deur K Spink, het vir die Black Sash menseregteskendings teen vroue aangeteken (daar is daaroor verslag gedoen). Dit beskryf in breë trekke hoe PW Botha se regering op die leiers van die Black Sash gereageer het.

Die beleid van die Black Sash as 'n organisasie was om die oppergesag van die wet te handhaaf (onderhou) met hulle volkome toewyding aan wettige en vreedsame protes, eerder as om 'n las vir die regering te wees. Een lid van die Black Sash is tronk toe gestuur omdat sy geweier het om 'n verklaring te maak oor 'n besoek aan Winnie Mandela, nog een is eerder tronk toe as om 'n huishoudster af te dank wat nie geregistreer kon word nie. Van die lede het doelbewus aan onwettige byeenkomste en optogte deelgeneem.

Annica van Gylswyk, voorsitter van die Pretoria-tak van die Black Sash, is vroeg die oggend van 12 Junie 1986 in haar eie huis gearresteer. Sy is vir etlike weke in eensame opsluiting in die Pretoria-gevangenis aangehou en is toe na polisieselle geneem waar sy ondervra is. Die aankoms van veiligheidspolisie in Janet Small se kantoor het haar heeltemal onkant gevang. Sy is aangesê om 'n tas te pak en feitlik onmiddellik tronk toe geneem. Omdat daar geen ander wit vroue in aanhouding was nie, en omdat die gevangenisowerhede baie streng oor rassesegregasie was, het sy haarself vir drie maande in eensame opsluiting bevind.

Sy het met haar vrylating 'n inperkingsbevel gekry, wat nie ongewoon was nie, maar sy het dit besonder moeilik gevind. Dit het haar nie tot die huis waar sy in Grahamstad gewoon het beperk nie, maar tot haar ouerhuis in Kaapstad, waar sy elke aand tussen 6 nm. en 5 vm. in die huis moes wees. Sy is nie toegelaat om meer vir die Black Sash te werk nie. Sy was ook nie veronderstel om met joernaliste te praat of vir enige publikasie te skryf nie.

[Uit *Black Sash, The Beginning of a Bridge in South Africa* deur K Spink]

**VRAAG 2: WAAROM WAS DIE MOHAPI-FAMILIE ONTEVREDE MET DIE MANIER WAAROP DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE DOOD VAN MAPETLA MOHAPI IN 1976 HANTEER HET?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder is uit 'n boek met die titel *COMING TO TERMS – SOUTH AFRICA'S SEARCH FOR TRUTH* deur M Meredith. Dit beklemtoon Mapetla Mohapi se politieke lewe tot met sy afsterwe in 1976.

Mapetla Frank Mohapi is op 2 September 1947 in die landelike dorpie Jozanashoek, Sterkspruit, in die voormalige Transkei (nou die Oos-Kaap) gebore. Hy het aan die Universiteit van die Noorde (Turfloop) – deesdae die University of Limpopo – studeer waar hy in die vroeë 1970's met 'n graad in maatskaplike werk gegradueer het.

Tydens sy studie by Turfloop is hy deur die filosofie van Swart Bewussyn aangetrek en het aktief by die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) as 'n streeksekretaris in die Oos-Kaap betrokke geraak. Nadat studente by verskeie swart universiteite in Oktober 1974 pro-FRELIMO*-byeenkomste gehou het om die onafhanklikheid van Mosambiek te vier, is Mohapi, saam met verskeie ander leiers van SASO en die 'Black People's Convention' ('BPC'), in November 1974 aangehou. Hy is in … 1975 vrygelaat sonder enige aanklag.

In 1973 is hy met Nonhle getroud. Terwyl Nonhle in 1974 hulle dogter verwag het, is Mohapi vir agt maande aangehou. Mohapi is in September 1975 ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid verban en tot King Willliam's Town beperk waar hy later as 'n administrateur van die Zimele Trust Fund aangestel is om hulp aan vrygelate politieke gevangenes te verleen.

'n Maand ná die begin van die 1976 Soweto-opstande, tydens 'n klopjag op (aankeer van) Swartbewussyn-aktiviste, is Mapetla op 16 Julie weereens sonder aanklag aangehou. Twintig dae later, op 5 Augustus 1976, is Mohapi onder polisiebewaking oorlede.

[Uit *COMING TO TERMS – SOUTH AFRICA'S SEARCH FOR TRUTH* deur M Meredith]

***FRELIMO:** Mosambiekse Vryheidsfront ('Mozambique Liberation Front')

**BRON 2B**

Die uittreksel hieronder is uit die WVK-verhoor wat op 15 April 1996 gehou is oor die menseregteskendings van Mapetla Mohapi. Die WVK se Menseregteskendings-komitee is verteenwoordig deur Tiny Miya – wat vrae gestel het en die Mohapi-familie is deur sy vrou – Nonhle Mohapi – verteenwoordig. Dit beklemtoon die redes waarom Nonhle Mohapi die WVK versoek het om ondersoek in te stel na hoe Mapetla Mohapi gesterf het nadat sy tevore 'n siviele saak geopen het wat ook in 1979 na die Hooggeregshof gegaan het, maar onsuksesvol was.

**ME. MAYA:** Ons sien jou vanoggend voor die Waarheidskommissie mev. Nonhle (Mohapi). Net voordat ons met ons verrigtinge begin, kan jy ons asseblief vertel waarom jy hier is.

**MEV. MOHAPI:** Soos wat ek reeds genoem het, was ek in die 20 jaar nooit oor die kwessie van Mapetla gelukkig nie, maar nou, selfs nou, is ek seker hy is nooit op enige ander manier doodgemaak nie. Nadat ek van die WVK gehoor het, het ek vir myself gesê ek wil kom en oor my seerkry getuienis lewer. Ek wil die Kommissie vertel sodat hulle my kan help om uit te vind wat met hom gebeur het want hy sou nooit homself doodgemaak het nie.

**ME. MAYA:** Wat het hulle gesê was die rede vir sy selfdood?

**MEV. MOHAPI:** Tussen die briewe wat tydens die geregtelike doodsondersoek beskikbaar was, was daar een wat hulle gesê het die selfdoodbrief was. Die skrif was baie eksklusief (verskillend) en dit het nie aan Mapetla behoort nie. Maar hierdie een was ook op toiletpapier geskryf soos wat my man voorheen gedoen het, en die kundiges wat na die skrif gekyk het, het bevestig dat die skrif in die selfdoodbrief baie eksklusief was. Hulle het hulle bes probeer en gepoog om dit goed te ondersoek. Ons het vir die antwoord gewag.

**ME. MAYA:** Wat was die geregtelike doodsondersoek?

**MEV. MOHAPI:** Ons was verras oor die geregtelike doodsondersoek, dat niemand ooit hieroor aangekla is nie. Daar was 'n siviele hof in Grahamstad en dit het ook in Grahamstad plaasgevind. Daar was 'n polisieman wat getuienis gelewer het oor die misdaad en hy het bevestig dat hierdie man (Mohapi) nooit sy lewe sou neem nie.

**ME. MAYA:** Wat was die uitslag?

**MEV. MOHAPI:** In die Hooggeregshof is daar ook gesê dat niemand vir dit wat gebeur het, geblameer kon word nie. … daar is aan ons gesê dat ons die saak verloor het en die koste moes betaal. Ons het huis toe gegaan waar ek 'n brief van die hof ontvang het met die rekening vir wat ek geskuld het, ongeveer R250 000. Hulle het ook geskryf om uit te vind hoe hulle my kan likwideer* en ek moes 'n lys van alles, my huis ingesluit, neerskryf.

[Uit die *Waarheids-en-Versoeningskommissie-verslag*, Vol. 3, 1998]

***Likwideer:** wanneer eiendom en huishoudelike goedere verkoop word om geld in te samel om skuld te delg

**BRON 2C**

Die foto hieronder is in 2017 deur Zolani Mabusela, 'n woordvoerder vir die Swartbewussynsbeweging (SBB) geneem. Dit het verskyn in 'n artikel met die titel 'Honouring the Legacy of Mapetla Mohapi: A Martyr in the Struggle Against Oppression!', wat 41 jaar na Mapetla Mohapi se dood in die *Amandla*-koerant verskyn het. Dit beeld die Mohapi-familielede buite die Kei Road Polisiestasie uit. Van links is Motheba Mohapi, Mizuki Gugushe (8 jaar oud), Nohle Mohapi (vrou), Konehali Mohapi-Gugushe en Naledi Gugushe (10 jaar oud). Hulle het 400 kilometer vanaf Port Elizabeth gereis, maar die stasiebevelvoerder het hulle toegang geweier tot die sel waar die voormalige aktivis Mapetla Mohapi in 1976 gesterf het.




[Uit die *Amandla*-koerant, 5 Augustus 2024]

**KEI ROAD POLISIESTASIE**

**BRON 2D**

Die uittreksel hieronder is 'n resensie deur Gcina Ntsaluba, 'n ondersoekende joernalis, van die boek met die titel *Now You Know How Mapetla Died: The Story of a Black Consciousness Martyr* deur 'n historikus, Z Valela. Dit kritiseer die WVK dat hulle nie reg aan Mohapi se saak laat geskied het nie en die regering dat hulle niks gedoen het om die saak verder te voer nie.

Twintig jaar het tussen Mohapi se moord en die beraadslaging van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) verbygegaan. Valela het harde woorde vir hulle modus operandi (die manier waarop die WVK te werk gegaan het) gehad wat die Azanian People's Organisation (AZAPO) se standpunt beaam (stem saam) het en sommige mense vind dit moontlik onredelik. Waarvan sy (Valela) egter baie seker is, is om te bevraagteken presies hoe die WVK reg aan Mohapi se saak laat geskied het. Niemand het na vore gekom om amnestie te versoek nie en die regering het niks gedoen om die verdagtes, wat bekend was, te vervolg nie. Nie net is aanspreeklikheid (verantwoordelikheid) nie nagekom nie, maar die uitspraak van die oorspronklike geregtelike doodsondersoek is steeds deel van die geregtelike rekords en die historiese waarheid bly onvolledig.

Soos wat Valela uitwys, waar geregtelike doodsondersoeke suksesvol heropen is, is dit die gevolg van private inisiatief en hulpbronne. Ironies genoeg het Mohapi 'n eerbewys ná apartheid gekry, maar is tot dusver die waardigheid ontneem van 'n herondersoek na die omstandighede van sy dood. Dit kan toegeskryf word aan die algemene staat van korrupte traagheid (passiwiteit) in die regering.

Miskien sal hierdie boek die skandelike toestand van sake verander. Maar selfs al het dit geen invloed op hierdie besondere saak nie, dien dit as 'n sprekende (duidelike) waarskuwing van die uiterste gevaar van 'n polisiestaat wat buite die grense van die oppergesag van die wet handel. Gegewe die minagting wat deur belangrike afdelings van die hedendaagse ANC vir die voorgenoemde getoon word, is 'n terugkeer na sulke omstandighede nie onmoontlik nie.

[Uit *Mail & Guardian,* 29 Mei 2022]

**VRAAG 3: HOE HET HANDELSBETREKKINGE TUSSEN DIE 1970's EN 2023 TUSSEN CHINA EN AFRIKA ONTWIKKEL?**

**BRON 3A**

Die uittreksel hieronder is uit 'n verhandeling met die titel 'Globalisation and sustainable Africa-China trade: what role play the African regional organisations' deur D Cissé en is gepubliseer deur 'n navorsingsinstituut wat in Swede gebaseer is. Dit beklemtoon hoe handelsbetrekkinge sedert die 1970's tussen China en Afrika ontwikkel het.

China se vrymaking van handel en oopstel vir die wêreld sedert die 1970's het hulle buitelandse handel 'n hupstoot gegee. Ekonomiese verskuiwings, veral gegrond op handel, industriële hervormings en later die vervaardiging van goedere om oorsee te verkoop, het China se handelsbetrekkinge met ontwikkelde en ontwikkelende lande verstewig. China se druk om te liberaliseer (vry te maak) gaan hand aan hand met die langtermyn-strategieë om bande te vestig met ontwikkelende lande, onder andere dié in Afrika.

Deur hulle groeiende posisie in die ekonomiese wêreldarena, het China ten doel om die wêreld politieke ekonomie te vorm. Afrika het 'n langtermyn-verbintenis met China. Alhoewel hierdie verbintenis in die verlede deur hulp (bystand) gedryf is, word dit deesdae meer deur die ekonomie gedryf en deur handel en belegging ondersteun. Die diversifikasie van handelsvennote onder Afrikalande deur na die Ooste te kyk, voldoen aan China se langtermyn-strategie vir hulpbronne en markte.

Saam met globalisering het China strategiese bande met Afrikalande ontwikkel vir sterk ekonomiese samewerking wat op nie-inmenging in binnelandse sake en wedersydse voordele of wen-wen-samewerking gegrond is. China se 'go out'-beleid ('gaan-uit-beleid') van die laat 1990's, die vestiging van die Forum on China-Africa Cooperation (FOCAC) in 2000, en die vrystelling van die Witskrif oor China se Afrika-beleid in 2006 het China se belangstelling in Afrika getoon.

[Uit 'Globalisation and sustainable Africa-China trade: what role play the African regional organisations' deur D Cissé]

**BRON 3B**

Die uittreksel hieronder is geneem uit 'n hooftoespraak wat op 3 September 2018 deur China se President Xi Jinping by die openingseremonie van die Beijing Summit of the Forum on China-Africa Cooperation (FOCAC) by die Great Hall of the People in Beijing gelewer is. Dit beklemtoon China se toewyding ten opsigte van hulle bydrae tot die ontwikkeling van Afrika.

China sal eerstens 'n industriële promosie-inisiatief bekend stel. Ons het besluit om 'n China-Afrika ekonomiese en handelskou ('expo') in China te open; ons moedig Chinese maatskappye aan om beleggings in Afrika te vermeerder, en sal 'n aantal ekonomiese en handelsamewerkingsones in Afrika bou en opgradeer. Ons sal Afrika ondersteun om algemene voedselsekerheid teen 2030 te bereik, ons sal saam met Afrika werk om 'n program van aksie te formuleer en te implementeer om China-Afrika-samewerking met betrekking tot landboumodernisasie te bevorder.

Ons sal 50 landbouhulpprogramme implementeer, RMB* 1 miljard (ongeveer R2,47 miljard) humanitêre noodvoedselhulp aan Afrikalande verskaf wat deur natuurrampe geaffekteer is, 500 senior landboukundiges na Afrika stuur, en jong navorsers in agriwetenskap en entrepreneurs in agribesigheid oplei. Ons sal Chinese maatskappye in Afrika ondersteun om hulle tot maatskaplike sosiale verantwoordelikhede te verbind. Ons sal voortgaan om samewerking met Afrikalande met betrekking tot plaaslike geldeenheidvestiging te versterk en om goeie gebruik te maak van die China-Africa Development Fund, die China-Africa Fund for Industrial Cooperation en die Special Loan for the Development of African Small-Medium Enterprises (SMEs).


Ons sal saam met Afrika werk om 'n aantal sleutel-verbindingsprojekte te onderneem. Ons sal Afrika ondersteun met die ontwikkeling van die Single African Air Transport Market en meer direkte vlugte tussen China en Afrika instel. Op grond van die navolging van multilaterale reëls en prosedures, sal ons Afrikalande ondersteun om finansieringshulpbronne van die Asian Infrastructure Investment Bank, die New Development Bank, en die Silk Road Fund beter te benut (gebruik).

[Uit *China Daily*, 4 September 2018]

***RMB = RENMINBI (Die amptelike Chinese geldeenheid)**

**BRON 3C**

Die spotprent hieronder het op 6 Augustus 2018 in die *Hustle East Africa*-tydskrif verskyn. Dit beklemtoon 'n standpunt oor die China-Afrika ekonomiese betrekking.




[Uit *Hustle East Africa*-tydskrif, 6 Augustus 2018]

**AFRIKA**

**$12 MILJARD-BELEGGING**

**VSA**

**BRON 3D**

Die uittreksel hieronder, geneem uit *A Roadmap for Strategically Countering China's Development Influence in Africa*, geskryf deur J Malobisky, is op 18 Januarie 2024 deur die New Lines Institute van die George Washington University gepubliseer. Dit beklemtoon die uitdagings wat deur China se uitbreiding in Afrika geskep is.

Alhoewel die Belt and Road Initiative (BRI)-infrastruktuurinisiatiewe lyk asof dit goeie ontwikkelingsgeleenthede bied, het die inisiatief uitdagings vir Afrikalande geskep wat nie in staat is om die program se hoë rentekoerslenings terug te betaal nie en nou in 'n skuldmoeras vasgevang is. Voortgesette uitbuiting onder neo-kolonialisme in Afrika het bygedra tot die rykdomgaping wat bydra tot sommige lande se onvermoë om terugbetalings op Chinese infrastruktuurlenings te maak en hierdie state dwing om addisionele geld te leen. China, wat selde hierdie skuld kanselleer, het skuldmoerasse gebruik om hulle invloed oor Afrikalande uit te brei deur lande te dwing om hulle skuld te herstruktureer met langtermyn-terugbetalingsplanne wat mynbou- en ander natuurlike hulpbronregte aan China sedeer (oorgee) onder die dekmantel van waarborge (sekuriteit) vir skuld.

Afrikalande het nietemin voortgegaan om Chinese infrastruktuur-beleggingsgeld te bekom. Beijing het in Oktober hulle jaarlikse Belt and Road Initiative Forum gehou, waar President Xi Jinping $100 miljard se nuwe befondsing vir fisiese infrastruktuur en groenenergie-projekte aangekondig het. Die bywoning van leiers van Kenia, Ethiopië, Nigerië en die Republiek van die Kongo dui aan dat baie Afrika-state steeds verkies om eerder met China as Westerse lande saam te werk. Daar is oor die hele kontinent steeds 'n positiewe persepsie van China as gevolg van hulle gewilligheid om infrastruktuurprojekte in enige Afrikaland te borg. Daar is egter ook kommer onder Afrikane dat hulle regerings te diep in die skuld by die Chinese is. Hierdie wydverspreide kommer kan 'n geleentheid vir Amerika skep om met die kontinent te onderhandel en 'n alternatiewe vorm van ontwikkeling te skep wat nie 'n skuldlading skep nie.

[Uit die New Lines Institute: *A Roadmap for Strategically Countering China's Development Influence in Africa* deur J Malobisky, 18 Januarie 2024]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

*Amandla*-koerant, 5 Augustus 2024

Cissé, D. 2015. 'Globalisation and sustainable Africa-China trade: what role play the African regional organisations' (Nordiska Afrikainstitutet, Uppsala, Swede)

*China Daily*, 4 September 2018

*Daily Maverick*-koerant, 14 Mei 2015

*Hustle East Africa*-tydskrif, 6 Augustus 2018

Kleinenberg M. en Merrett, C. 2015. *STANDING ON STREET CORNERS – A History of the Natal Midlands Region of the Black Sash* (Periodieke uitgawe van die Natal Society Foundation, Pietermaritzburg)

*Mail & Guardian*, 22 Mei 2022

Malobisky, J. 2024. *A Roadmap for Strategically Countering China's Development Influence in Africa* (New Lines Institute, George Washington University)

Meredith, M. 1999. *COMING TO TERMS – SOUTH AFRICA'S SEARCH FOR TRUTH* (Perseus Books Group, New York)

Spink, K. 1991. *Black Sash, The Beginning of a Bridge in South Africa* (MW Books Ltd, Londen)

*The Observation Post – South African Military History*, 3 Oktober 2015

*Die Waarheids-en-Versoeningskommissie-verslag,* Vol. 3 1998

*Kopiereg voorbehou*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 26 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne<br>• Verduidelik historiese konsepte in konteks | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30% (15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

____________ . ______________________________ . ______________________________
_____________________________________________________ . ______________________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevante inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband en hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevante is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie **Λ**
- Verkeerde stelling ______________
- Irrelevante stelling |
|
|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in inhouddekking.
Pogings om 'n argument vol te hou

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | **VLAK 7** Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 6** Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | **VLAK 5** Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 4** Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3** Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | **VLAK 2** Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1*** Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE EFFEKTIEF WAS DIE STRATEGIEË VAN DIE BLACK SASH IN DIE 1980s OM TEEN DIE APARTHEIDSREGIME TE MOBILISEER?

1.1.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- '… om burgers van kleur uit die kieserslys te verwyder (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Definisie van 'n term in Bron 1A – V1]*
- 'n Lys mense wat geregtig is om te stem/'n Register van mense wat kwalifiseer om te stem
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- '… Jean Sinclair …'
- '… Ruth Folley …'
- '… Elizabeth Mclaren …'
- '… Tertia Pybus …'
- '… Jean Bosazza …'
- '… Helen Newton-Thompson … ' (enige 2 x 1) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*
- Die Black Sash het protesaksie georganiseer wat die regering van die Nasionale Party se apartheidsbeleide verwerp het
- Die organisasie is beskou as 'n dreigement omdat dit in 'n alliansie met swart weerstandsbewegings was
- Dit was 'n organisasie wat deur vroue gelei is en besluite wat deur die manlik-gedomineerde Nasionale Party-regering geneem is uitgedaag het
- Die Nasionale Party-regering het van alle wittes(insluitende wit liberale) verwag om alle apartheidsbeleide van die wit regering te ondersteun
- Die Black Sash het inligting aan die media verskaf
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*
- Swart mense het die Black Sash-raadgewende kantore geraadpleeg oor kwessies in verband met hulle diskriminasie of segregasie
- Die Black Sash het 'n baie doeltreffender mag geword wat teen apartheidswette geveg het aangesien dit ook swart mense verteenwoordig het
- Die organisasie was effektief besig om die skending van menseregte bloot te lê
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Hulle beklemtoon minagting as 'n algemene strategie wat ook deur ander interne weerstandsbewegings toegepas is
- Om te toon dat die Black Sash ook besorg was oor die menseregte van alle Suid-Afrikaners
- Om te toon dat die Black Sash nie gewelddadig (vreedsaam) was in hulle benadering tot teenstand van apartheidswette
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Om die begrip van meerderheidsregering in Suid-Afrika te ondersteun
- Om hulle opposisie teen die apartheidsregering se uitsluiting van die meerderheid Suid-Afrikaners om te stem, te toon/ wou hê dat alle Suid-Afrikaanse burgers ongeaag van kleur stemreg het
- Om die beleide van die Nasionale Party gebaseer op diskriminasie wat nie op demokratiese beginsels gegrond was nie uit te daag.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1A en 1B om te bepaal hoe hulle mekaar ondersteun – L3]*
- Bron 1A noem dat die Black Sash 'n organisasie van wit vroue was, wat in 'n doeltreffende anti-apartheid mag ontwikkel het en Bron 1B beeld wit vroue uit wat anti-apartheideise vertoon/ Beide bronne verwys na die feit dat die Black Sash 'n anti-apartheid organisasie was
- Beide bronne verwys na 'black sashing' as `n vorm van protes
- Bron 1A verwys na swygsame (stille) protes as 'n simbool van hulle weerstand teen apartheid en Bron 1B toon vroue wat swygsaam (stil) teen apartheid betoog/Beide bronne verwys daarna dat die Black Sash in swygsame protes betrokke was
- Bron 1A verwys na die Black Sash-vrywilligers/ondersteuners (raadgewende kantore) en Bron 1B toon vrywilligers/ondersteuners wat in Kaapstad betoog
- Bron 1A verwys na die Black Sash se 'minagtende kyke' en 'beskaafde' maniere en Bron 1B toon vroue ~~betogers~~ wat ~~stil~~ met 'kyke' betoog
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- '… voel dikwels gegrief (ontsteld) …' (1 x 2) (2)

1.4.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- '… doelbewuste veldtog teen kinders …'
- '… vervolging (marteling) …'
- '… teistering …'
- '… skade wat deur hulle ervarings aangerig …' (enige 2 x 1) (2)

1.4.3 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- '… dat 1 Junie, hierdie jaar (1987), as 'n nasionale kinderdag gevier word …' (1 x 2) (2)

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Die bewering dat Suid-Afrika (apartheidsregering) 'n Westerse Christelike samelewing is deur die vervolging van die kinders gedurende die noodtoestand ondermyn/weerspreek
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.5

1.5.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- '…om die oppergesag van die wet te handhaaf (onderhou)...'
- '... volkome toewyding aan wettige en vreedsame protes …' (enige 1 x 2) (2)

1.5.2 *[Verduideliking van 'n term in Bron 1D – V2]*

- Isolering en beperking van enige vorm van menslike kontak om ( sielkundige skade) as 'n vorm van straf vir politieke aktiviste in die gevangenis te skep
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

- Sodat sy nie deur die gebruik van die media mense kon beïnvloed om teen die regering op te tree nie/ bedreiging vir die Suid-Afrikaanse regering
- Om haar invloed as lid van die Black Sash teen die regering te beperk/ om die beeld van die apartheidsregering aan te tas
- Om die verspreiding van idees van demokrasie en gelykheid te blokkeer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.4 *[Bepaal die bruikbaarheid van Bron 1D – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR want:**

- Die uittreksel is geneem uit 'n boek met die titel *Black Sash, The Beginning of a Bridge in South Africa* deur K Spink, gebaseer op versamelings van ervarings van vroue wat vir Black Sash-veldtogte gearresteer is/gebaseer op navorsing
- Die outeur (K Spink) was 'n skrywer wat verslag gedoen het oor die skending van vroue se menseregte vir Black Sash
- Die datum van die verskyning van die boek (1991) is nie ver van die aktiwiteite van die Black Sash in die 1980's af nie
- Dit verskaf spesifieke besonderhede oor die wrede/harde behandeling wat die apartheidsregering aan Black Sash lede toegedien het bv eensame opsluiting, verbanning
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

**EFFEKTIEF**

- Die Black Sash is begin deur wit vroue wat kwaad was oor die apartheidsregering se verwydering van gekleurdes uit die algemene kieserslys (Bron 1A)
- Die Black Sash het in 'n doeltreffende mag vir verset en verandering ontwikkel en gedien as 'n sigbare prikkel (dryfveer) vir die gewetens van diegene wat 'n onregverdige stelsel geïmplementeer het en daardeur bevoordeel is (Bron 1A)
- Die kyke van vroue het die ministers van die regerende Nasionale Party-regering ontstel (Bron 1A)
- Die onderskeie raadgewende kantore oor die land heen het gratis dienste met betrekking tot indiensneming, behuising, pensioene en toegang tot gesondheidsorg gelewer (Bron 1A)
- Hulle was 'n waardevolle (behulpsame) bron van inligting vir koerante wat deur apartheidswette beperk is (Bron 1A)
- Die Black Sash se verset teen Botha se konstitusionele hervormings het regoor die land versprei deur konvooie, betogings en nagwake (eie kennis)
- Hulle het hulle eise in die openbaar oorgedra deur baniere, plakkate en optogte (Bron 1B)
- Die Black Sash het ook die End Conscription Campaign (Beindig Diensplig Veldtog BDV) ondersteun en het kiesreg vir alle Suid-Afrikaners geëis (Bron 1B)
- Hulle het die Nasionale Party-regering verdoem deur briewe (Bron 1C)
- Die organisasie was vasbeslote om 'n nasionale kinderdag te organiseer om hulle vervolging deur die staat te ontbloot (Bron 1C)
- Arrestasies, aanhouding, ondervraging en inperkingsbevele het nie die lede van die Black Sash ontmoedig om met die anti-apartheidsbetogings voort te gaan nie (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

**EN/ OF**

**ONEFFEKTIEF**

- Hulle het in moeilike omstandighede gewerk met aanhoudende teistering deur die staat (Bron 1A)
- Slegs 'n paar Black Sash-lede kon vanaf die openbare galery van die Parlement verset toon (eie kennis)
- Die organisasie het slegs uit wit Engelse mense bestaan – geïsoleer van die ander anti-apartheidsorganisasies van daardie tyd (Bron 1B)
- Sommige van die Black Sash-lede is geïntimideer en mondelings misbruik deur bystanders (eie kennis)
- Hulle kon nie die vervolging en teistering van kinders deur die staat voorkom nie (Bron 1C)
- Gedurende die noodtoestand in die 1980's is Black Sash-lede gevange geneem (Bron 1C)

- Sommige van die leiers is in eensame opsluiting aangehou (Bron 1D)
- Ander is geplaas onder ernstige beperkings soos huis arres (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe effektief die strategieë van die Black Sash in die 1980's was om teen die apartheidsregime te mobiliseer .**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevante en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon bietjie begrip van hoe effektief die strategieë van die Black Sash in die 1980's was om teen die apartheidsregime te mobiliseer.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon deeglike begrip van hoe effektief die strategieë van die Black Sash in die 1980's was om teen die apartheidsregime te mobiliseer.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n goed georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE: 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM WAS DIE MOHAPI-FAMILIE ONTEVREDE MET DIE MANIER WAAROP DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE DOOD VAN MAPETLA MOHAPI IN 1976 HANTEER HET?**

2.1

2.1.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- '… Jozanashoek …' (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- '… in Oktober 1974 pro-FRELIMO*-byeenkomste gehou het om die onafhanklikheid van Mosambiek te vier …' (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*

- Hy is as gevaarlik/bedreiging vir die staat beskou
- Om sy invloed by die SBB te beperk
- Om sy bewegings te beheer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*

- Hy kon onder ondervraging/marteling deur die polisie ingegee het
- Hy is onder polisiebewaking oorlede
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- '… was ek in die 20 jaar nooit oor die kwessie van Mapetla gelukkig nie …'
- '… ek wil kom en oor my seerkry getuienis lewer …'
- '… wil die Kommissie vertel sodat hulle my kan help om uit te vind wat met hom gebeur het want hy sou nooit homself doodgemaak het nie.'

(3 x 1) (3)

2.2.2 *[Definisie van 'n term in Bron 2B – V1]*

- 'n Formele/ amptelike ondersoek om feite in verband met 'n ongewenste insident vas te stel
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*

- Daar was geen oortuigende getuienis om te bewys dat Mapetla Mohapi homself doodgemaak het nie / iemand moes hom doodgemaak het
- Die beweerde selfdoodbrief is opgemaak/'n storie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B V2]*
- Weens die getuienis wat deur die polisieman gelewer was wat aandui dat Mohapi nie sy eie lewe sou geneem het nie
- Briewe is voorgelê as bewys dat Mohapi nie sy eie lewe geneem het nie
- Sy het verwag dat die Hooggeregshof sou optree volgens die bewyse wat verskaf was
- Die bewyse wat gelewer was deur kundiges, het aangedui dat die selfdoodbrief nie in sy eie handskrif geskryf was nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.5 *[Bepaal die betroubaarheid van Bron 2B – V3]*
**Die bron is BETROUBAAR want:**
- Dit is `n uittreksel van 'n onderhoud wat gevoer was tydens die WVK se Menseregteskendingskomitee gehou op 15 April 1996
- Dit het verskyn in die amptelike WVK Verslag, Vol. 3 1998
- Mev. Mohapi vertel haar persoonlike ervaring van die gebeure wat gevolg het op haar man se dood
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3
2.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Om afsluiting vir sy geheimsinnige dood te vind
- Om met Mohapi te konnekteer deur 'n plek te besoek waar sy gees hom verlaat het/ geestelike repatriasie (terugkeer)
- Om familie te verbind met die plek waar Mohapi gesterf het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Vir die herdenking van sy dood
- Om hulde te bring aan sy nagedagtenis/nalatenskap omdat hy ‘n groot impak gemaak het om die apartheidsregering uit te daag
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4
2.4.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- '… vir hulle modus operandi wat die Azanian People's Organisation (AZAPO) se standpunt beaam het …'
- '… Om te bevraagteken presies hoe die WVK reg aan Mohapi se saak laat geskied het...’
- ‘... Niemand het navore gekom om amnestie te versoek nie...’
- ‘... die regering het niks gedoen om die verdagtes, wat bekend was, te vervolg nie …'
- '… nie net is aanspreeklikheid (verantwoordelikheid) nie nagekom nie …'
- '… die oorspronklike geregtelike doodsondersoek is steeds deel van diegeregtelike rekords...’
- ‘... en die historiese waarheid bly onvolledig...’ (enige 4 x 1) (4)

2.4.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- '… private inisiatief …'
- '… hulpbronne' (2 x 1) (2)

2.4.3 *[Verduideliking van 'n term in Bron 2D – V2]*

- 'n Eerbewys gegee deur die post apartheid (demokratiese) regering aan mense wat terwyl daar teen die apartheidsregering geveg is, die vryheidstryd ondersteun het – in hierdie geval, soos Mapetla Mohapi wat deur die SBB teen die apartheidsregime geveg het
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.4.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*

- Die WVK kon nie onthul hoe Mapetla Mohapi dood is terwyl hy onder polisiebewaking was nie
- Die regering het niks gedoen om Mohapi se dood op te volg nie
- Mohapi se familie het onsuksesvol probeer om agter die waarheid te kom met 'n siviele saak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van Bron 2B en 2D om ooreenkomste te bepaal – V3]*

- In Bron 2B Nonhle verskyn voor die WVK om feite te kry oor haar man, (Mapetla) se dood en in Bron 2D word die WVK gekritiseer dat hulle Nonhle nie gehelp het om antwoorde op haar vrae te kry nie
- Beide bronne verwys daarna dat 20 jaar sedert Mapetla se dood en die WVK-verhoor verby is sonder enige aanduiding/bewys van hoe hy gesterf het nie
- Bron 2B verwys na 'n bevinding van die geregtelike doodsondersoek (oor 'n selfdoodbrief) wat Nonhle en handskrifdeskundiges weerlê het en Bron 2D dui aan dat geregtelike doodsondersoeke slegs suksesvol is as gevolg van private inisiatiewe of vir mense met hulpbronne
- Bron 2B verwys daarna dat die Mohapi-familie 'n siviele saak geopen het en Bron 2D verwys daarna dat die regering nie genoeg gedoen het om die Mohapi-familie te ondersteun nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Mohapi is op 5 Augustus 1976 op geheimsinnige wyse onder polisiebewaking dood (Bron 2A)
- Nonhle Mohapi het voor die WVK se Menseregteskendingskomitee verskyn want sy wou antwoorde hê oor hoe haar man gesterf het (Bron 2B)
- Nonhle het die bewering (aantyging) dat Mapetla selfdood gepleeg het, verwerp (Bron 2B)
- Die Mohapi-familie wou 'n siviele saak open om antwoorde te kry oor Mohapi se dood omdat die regering hulle nie kon help nie (Bron 2B)
- Om die Hooggeregshof te nader het die Mohapi-familie ook nie gehelp nie – hulle het die saak verloor met koste en moes R250 000 betaal met die moontlikheid van likwidasie (Bron 2B)
- Die Mohapi-familie het die Kei Polisiestasie besoek en was onsuksesvol om toegang te kry tot die sel waarin Mapetla gesterf het omdat die WVK hulle nie kon help nie (Bron 2C)

- Die modus operandi (wyse waarop hulle werk) van die WVK is gekritiseer omdat niemand na vore gekom het om amnestie te versoek vir Mapetla se dood nie (Bron 2D)
- Geregtelike doodsondersoeke wat geslaag het, was slegs as gevolg van private inisiatiewe of omdat die familie hulpbronne gehad het – nie as gevolg van die WVK nie (Bron 2D)
- Die onvermoë van die WVK en die demokratiese regering om die Mohapi-familie te help, is beskou as 'n 'skandelike toestand van sake' (Bron 2D)
- Niemand het om amnestie aansoek gedoen nie en die WVK het niks gedoen om die verdagtes wat bekend was, te vervolg nie (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord.

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van waarom die Mohapi-familie ontevrede was met die manier waarop die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die dood van Mapetla Mohapi in 1976 hanteer het .**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevante en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon bietjie begrip van waarom die Mohapi-familie ontevrede was met die manier waarop die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die dood van Mapetla Mohapi in 1976 hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon deeglike begrip van waarom die Mohapi-familie ontevrede was met die manier waarop die Waarheids-en-Versoenings-kommissie (WVK) die dood van Mapetla Mohapi in 1976 hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n goed georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET HANDELSBETREKKINGE TUSSEN DIE 1970's EN 2023 TUSSEN CHINA EN AFRIKA ONTWIKKEL?**

3.1

3.1.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- ' China se vrymaking van handel …'
- '… oopstel vir die wêreld …' (2 x 1) (2)

3.1.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- '… handel …'
- '… industriële hervormings …'
- '… die vervaardiging van goedere om oorsee te verkoop …' (3 x 1) (3)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*
- Vrymaking van handel het China aangemoedig om hulle ekonomie oop te maak vir handel en beleggings met die res van die wêreld
- China het tariewe op invoer- en uitvoergoedere verslap wat dit maklik vir China gemaak het om buitelandse markte te infiltreer
- Dit het daartoe gelei dat China by meer buitelandse direkte beleggings betrokke geraak het
- Dit het vrye mededinging in die binnelandse Chinese mark en vry internasionale handel aangemoedig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*
- China het aanvanklik finansiële hulp aan Afrika gegee, maar tans belê hulle in Afrika deur infrastruktuur en grondstowwe
- China het aanvanklik humanitêre hulp en hulpbronne aan Afrika gegee maar tans verskaf hulle infrastruktuurondersteuning deur middel van beleggings/besigheid- om wins te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.5 *[Definisie van term in Bron 3A – V1]*
- Proses waardeur die wêreld buite grense meer geïntegreerd en gekonnekteer geword het as gevolg van tegnologie
- Onderlinge verbintenis van vervoer, tegnologie en kommunikasie
- Die manier waarop mense, goedere, geld en idees vinniger en goedkoper as voorheen deur die wêreld beweeg as gevolg van vervoer, kommunikasie en tegnologie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2
3.2.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- '… 'n China-Afrika ekonomiese en handelskou ('expo') in China te open …'
- '… ons moedig Chinese maatskappye aan om beleggings in Afrika te vermeerder …'
- '… sal 'n aantal ekonomiese en handelsamewerkingsones in Afrika bou en opgradeer.'
- ' Ons sal Afrika ondersteun om algemene voedselsekerheid teen 2030 te bereik …'
- '… Saam met Afrika werk om ‘n program van aksie te formuleer en te implementeer om China-Afrika-samewerking met betrekking tot landboumodernisasie te bevorder ...' (enige 3 x 1) (3)

3.2.2 *[Verduideliking van konsep in konteks in Bron 3B – V2]*
- Proses waardeur China nuwe landboutegnologieë gebruik om doeltreffendheid en produktiwiteit in landbou in Afrika te verhoog
- Proses waardeur China gelokaliseerde produksie van kunsmis, plaagdoders, kleinskaal-masjinerie en gereedskap te ondersteun op die produksie van grondstowwe in Afrika 'n hupstoot te gee
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Om te baat uit Afrika se uitvoer van landbougrondstowwe
- Om te help om aan voedselsekerheiduitdagings in Afrika aandag te gee
- Om Afrika se landbou deur modernisasie 'n hupstoot te gee
- Om landbousamewerking te versterk deur landelike dorpies te help om landbou-industrieë aan te moedig
- Om Afrika te help om hulle voedseluitvoere te vermeerder, nie noodwendig na China nie, maar na die res van die wêreld
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- President Xi Jinping het China verbind tot die aanpak van grootskaalse ekonomiese en beleggingsprogramme in Afrika deur verskillende befondsingagentskappe
- China sal verder belê in humanitêre, finansiële en landbouondersteuning in Afrika
- Deur bilaterale ooreenkomste tussen China en Afrika deur middel van verskillende forums en verbindingsprojekte
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.5 *[Bepaal beperkinge van bewyse in Bron 3B – V3]*
**Die bron is BEPERK want:**

- Dit is 'n toespraak deur die Chinese president om China se invloed in Afrika te regverdig
- Dit is 'n toespraak om die monopolie van China oor Afrika weg te steek deur befondsing te verskaf wat Afrika in die skuld laat/Propaganda/Eensydig
- Dit spreek nie die behoeftes van Afrika, soos deur Afrikane benodig, aan nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3A en 3B om te bepaal hoe hulle mekaar ondersteun – V3]*

- Bron 3A noem dat China se verbintenis met Afrika tans ekonomies gedryf word en steun handel en beleggings en in Bron 3B noem Xi Jinping dat Chinese maatskappye aangemoedig word om beleggings in Afrika te vermeerder/Beide bronne dui China se beleggings in Afrika aan
- Bron 3A verwys na die vrymaking van handel wat China se handelbetrekkinge met ontwikkelde en ontwikkelende lande verstewig het en Bron 3B beklemtoon China se bedoeling om ekonomiese en handelsamewerkingsones in Afrika te bou en op te gradeer
- Bron 3A verwys na Afrikalande wat na die Ooste kyk om te voldoen aan China se langtermynstrategie vir hulpbronne en markte en Bron 3B noem dat China Afrika sal ondersteun met die ontwikkeling van die Single African Air Transport Market om meer direkte vlugte tussen China en Afrika oop te maak
- Bron 3A verwys na die stigting van die Forum on China-Africa Cooperation (FOCAC) as 'n platform om samewerking tussen China en Africa te versterk en in Bron 3B bespreek die Chinese President die FOCAC tydens die Beijing Summit (Beraad)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4
3.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*

(a)
- Chinese befondsing of belegging aan Afrika
- Humanitêre voedselhulp/bystandsprogram aan Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)
- China se afhanklikheid van Afrika
- Uitbuiting van Afrika deur China
- China trek voordeel uit Afrika deur beleggings
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Die VSA word uitgebeeld as verras en geskok as gevolg van die nuwe mededinger (China) wat in Afrika belê
- China vervang die VSA en trek voordeel uit Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5
3.5.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- '… nie in staat is om die program se hoë rentekoerslenings terug te betaal nie …'
- '… nou in 'n skuldmoeras vasgevang is' (2 x 1) (2)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V2]*
- Afrika het in die skuld geraak by China as gevolg van lenings wat dit 'n risiko maak dat Afrika deur China beheer kan word
- Lenings wat deur China aan Afrika gebied word, het voorwaardes wat dit moontlik maak vir China om eienaarskap oor Afrika se natuurlike hulpbronne te verkry
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.3 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- '… Kenia …'
- '… Ethiopië …'
- '… Nigerië …'
- '… Republiek van die Kongo …' (enige 2 x 1) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Globalisering in die vorm van die vrymaking van handel het China se handelsbetrekkinge verhoog met ontwikkelde en ontwikkelende lande, Afrikalande ingesluit (Bron 3A)
- China het ten doel gehad om die wêreld politieke ekonomie te vorm deur Afrikalande te betrek deur handel en beleggings deur hulle markte uit te brei (Bron 3A)
- In die verlede was China-Afrika-handelsbetrekkinge hulp-gedrewe (Bron 3A)
- Die huidige China-Afrika-handelsbetrekkinge het ekonomie-gedrewe geraak (Bron 3A)
- Globalisering het dit vir China moontlik gemaak om strategiese betrekkinge en samewerking met Afrika te ontwikkel deur bilaterale forums (eie kennis)
- President Xi Jinping het industriële promosie-inisiatiewe bekendgestel om die China-Afrika ekonomiese en handelskou in China te open(Bron 3B)
- Teen 2018 was Xi Jinping daaraan toegewy om China-Afrika-handelsbetrekkinge te versterk deur befondsing in die vorm van die China-Africa Development Fund, China-Africa Fund for Industrial Cooperation, Asian Infrastructure Investment Bank, New Development Nank, Silk Road Fund (Bron 3B)
- Chinese maatskappye het tot Afrika-markte toegetree en uitvoere na Afrika vermeerder (eie kennis)

- Die oopmaak van Chinese markte met gevorderde tegnologieë en befondsing het Afrikalande meer mededingend laat word (eie kennis)
- Onewe handelsbetrekkinge tussen China en Afrika word in die spotprente uitgebeeld met China wat Afrika-produkte monopoliseer (Bron 3C)
- Het onlangs Afrika in skuldmoerasse vasgevang (Bron 3D)
- Onderwerp Afrika aan langtermyn-betalings met mynbou- en natuurlike hulpbronne as kollateraal vir skuld
- China se voortgesette finansiële inspuitings in Afrika vir infrastrukturele beleggings deur die Belt and Road Bilateral Forums (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe handelsbetrekkinge tussen die 1970's en 2023 tussen China en Afrika ontwikkel het .**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevante en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon bietjie begrip van hoe handelsbetrekkinge tussen die 1970's en 2023 tussen China en Afrika ontwikkel het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon deeglike begrip van hoe handelsbetrekkinge tussen die 1970's en 2023 tussen China en Afrika ontwikkel het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n goed georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

SINOPSIS
Kandidate moet krities bespreek of politieke bevryding van swart Suid-Afrikaners die enigste fokus van die Swartbewussynsbeweging was gedurende die laat 1960s tot 1970s. Die kritiese bespreking moet aandui dat die **politieke bevrydiging** van swart Suid-Afrikaners nie net die enigste fokus was nie want die Swartbewussynsbeweging het ook op die **sielkundige, ekonomiese en sosiale bevrydiging** van alle swart Suid-Afrikaners gefokus. Hulle moet hulle argument met relevante geskiedkundige bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui dat die Swartbewussynsbeweging nie net op die **politieke bevrydiging** van swart Suid-Afrikaners gefokus het nie maar ook op die **sielkundige, ekonomiese** en **sosiale bevrydiging** van alle swart Suid-Afrikaners. Hulle moet ‘n uiteensetting van die inhoud verskaf wat hulle vir die politieke bevrydiging sowel as die **sielkundige, ekonomiese** en **sosiale bevrydiging** van alle swart Suid-Afrikaners sal gebruik.

UITBREIDING

- Politieke vakuum (Agtergrondinligting)
  - Geskep nadat ANC - en PAC-leiers en partye in die 1960's óf verban óf in die tronk gesit is
- Politieke bevryding was nodig:
  - Swart Suid-Afrikaners was nie volle burgers nie
  - Geen stemreg in Suid-Afrika nie
  - Bantoestanisasie
- Gebruik politieke organisasies om swart Suid-Afrikaners te bemagtig om selfonderhoudend te wees en om hulleself polities te bevry
  - Swart studente het begin om hulleself te organiseer om wit dominansie teen te staan deur weg te breek van NUSAS en SASO (1968) te stig
  - Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn (rol van Biko/SASO) aangeneem
  - SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole
  - Swart Bewussyn (SB) het gelei tot die stigting van die Swartmense se konvensie ('BPC') in 1972 wat studente, kerke, gemeenskappe en vakbonder betrek het
  - Unies was verbind was met die SB-filosofie was onder meer Black Parents' Association en Black Allied Workers Union (BAWU)
  - Suid-Afrikaanse Studentebeweging ('SASM') wat in 1972 gestig is, het swartes aan die ideale van die SB blootgestel
  - SBB en SASO het FRELIMO-byeenkomste georganiseer (1974)
  - Die arrestasies van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog

- Werkersregte
  - Gebruik arbeidsunies (werkers) om die apartheidstaat uit te daag-vir politieke regte van werkers
  - Mobiliseer werkers om vakunies te stig
  - SB het gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union (BAWU) – werkerstakings in Durban in 1973)
- Persvryheid vir Afrika-perspektief
  - Gebruik hulle eie media om die apartheidstaat uit te daag en hulle lede te bemagtig
  - Rol van media wat simpatiek was teenoor die SB-filosofie, bv. die *World*-koerant

- Swart Bewussyn filosofie (politieke bevryding/selfonderhoudend/trots/verwerping van minderwaardigheidskompleks)
  - Vestig swartes met trots en om die apartheidstaat uit te daag
  - Bevorder selftrots onder swartes
  - Beïnvloed swartes om hulleself te aanvaar/selfvertroue te hê/selfonderhoudend te wees/gevoel van identiteit
  - Swartes is bemagtig om die gees van selfbejammering, minderwaardigheids-kompleks, selfvervreemding en dominansie deur eksterne magte te verwerp
- Bevryding in Onderwys (Politieke en sosiale bevrydiging)
  - Beïnvloed van studente deur hulle strukture om hulself geestelik en polities te bevry
  - Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigmedium by skole ingestel (1975)
  - SASO en SASM het die stigting van die Soweto-studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) ('Soweto Students' Representative Council (SSRC)) beïnvloed
  - Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans as die taal van die onderdrukker verwerp
  - Sommige onderwysers en studente was reeds aan die idees van Biko en die SB-filosofie blootgestel deur SASO-studente-onderwysers van universiteite af
  - Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstande
  - Op 16 Junie 1976 het studente/leerders vreedsaam teen die implementering van die omsendbrief betoog
  - Die polisie se reaksie op die studenteoptogte (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun, was een van die eerste ongevalle van hierdie opstand))
- Gemeenskapsbemagtiging (Sielkundige en ekonomiese bevrydiging)
  - Stig gemeenskapsprogramme vir selfonderhouding en verwydering van minderwaardigheidsgevoel onder swart Afrikane
  - Biko se verbanning na King Williams Town het die fokus van gemeenskapsprogramme afgelei
  - SB het deur Swart Gemeenskapsprogramme onafhanklikheid van wit mense aangehelp sodat swart mense ondersteun word sonder wit hulp (Zanempilo Health Clinic/Ginsburg Educational Trust/Zimele Trust Fund/ Solempilo Community Health Centre/Ithuseng Community Health Programme en Winterskoolprojekte)
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik dat die politieke wil en vasberadenheid van leiers van verskillende politieke partye gedurende die onderhandelingsproses **tot 'n groter of mindere mate** tot 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 gelei het. Kandidate moet relevante bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle opstelle insluit:

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem deur aan te dui dat die politieke wilskrag en vasberadenheid van leiers van verskillende politieke partye gedurende die onderhandelingsproses tot 'n **groter of mindere mate** tot 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 gelei het. Hulle moet `n uitleg van inhoud of voorbeelde verskaf om hul argumentslyn te ondersteun.

UITBREIDING

- FW de Klerk het in 1989 by PW Botha oorgeneem
- Ontbanning van die ANC, die PAC en die SAKP en ander verbanne organisasies
- Vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbanne politieke leiers in 1990 (politieke wil en vasberadenheid deur De Klerk)
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 – NP laat gevangenes vry en beide partye (ANC en NP) het hulle verbind tot die beëindiging van geweld en om te onderhandel (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van die ANC en NP)
- Geweld in die Vaaldriehoek
- Pretoria-minuut in Augustus 1990 – ANC staak gewapende stryd en NP hef die Noodtoestand op (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van die ANC en NP)
- Die Nasionale Vredesakoord (ooreenkoms) is deur 27 politieke organisasies onderteken (14 September 1991) – verskaf veiligheidsnet vir onderhandelinge (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van verskillende politieke organisasies)
- KODESA 1 (20 Desember 1991) – 19 politieke partye behalwe Konserwatiewe Party (KP) en Pan Africanist Congress (PAC). Partye kon nie ooreenkom oor magsdeling en grondwetgewende vergadering nie – vergadering eindig (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van 19 politieke organisasies)
- Die Verklaring van Voorneme – politieke partye kom ooreen om 'n nuwe konstitusie saam te stel en 'n tussentydse regering daar te stel (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van 19 politieke organisasies)
- Slegs Blanke Referendum – De Klerk toets wit mening nadat drie tussenverkiesings aan die KP verloor is, uitslag wegholoorwinning vir Ja – onderhandelinge het voortgegaan (politieke wilskrag en vasberadenheid van De Klerk)
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – het nie gehou nie as gevolg van geweld en onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van 19 politieke organisasies) (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van verskillende politieke organisasies)

- Boipatong-slagting (17 Junie 1992) en invloed van die Derde Mag (geweld)
- Bisho-slagting (7 September 1992)
- ANC doen beroep vir uitgebreide massaaksie teen die Nasionale Party
- Rekord van Verstandhouding (September 1992) – Meyer en Ramaphosa het hulleself tot vrede en onderhandelinge verbind (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van die NP en ANC)
- Meyer en Ramaphosa het saamgestem met Joe Slovo se sonsondergangsklousule (politieke wilskrag en vasberadenheid deur Joe Slovo)
- Partye wat meer as 5% van die stemme verwerf, sal 'n regering van nasionale eenheid (RNE) stig om die nuwe SA te regeer en wit mense sal hulle werk vir 5 jaar behou (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van verskillende politieke organisasies)
- Veelpartyonderhandelinge het by die Wêreldhandelsentrum voortgegaan maar nie lank geduur nie (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van verskillende politieke organisasies)
- Die AWB het die onderhandelinge op 25 Junie 1993 onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum met 'n pantservoertuig bestorm het
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – Janus Waluz
- Mandela spreek die nasie op TV toe om nasie te kalmeer (politieke wilskrag en vasberadenheid deur Mandela)
- St James Kerk-slagting (25 Julie 1993)
- Heidelberg Taverne-slagting (30 Desember 1993)
- Shell House-slagting (28 Maart 1994)
- Datum vir eerste demokratiese verkiesing vasgestel (27–29 April 1994) (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van verskillende politieke organisasies)
- Voortgaande geweld regdeur verkiesing – motorbom buite ANC-hoofkantoor
- Motorbom ontplof by Jan Smuts Lughawe
- Verkiesing in 1994 gehou as gevolg van kompromie
- Uitslag van verkiesing: ANC 62,7%, NP 20,4% en IVP 10,5%
- ANC, NP en IVP vorm die regering van nasionale eenheid soos in die sonsondegangsklousule ooreengekom (politieke wilskrag en vasberadenheid deur leiers van verskillende politieke organisasies)
- Mandela word die eerste swart staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika met Thabo Mbeki en FW De Klerk as sy adjunkte
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

SINOPSIS

- Kandidate moet met die stelling **saamstem of nie** dat Mikhail Gorbachev se beleide in 1985 gelei het tot die nuwe politieke bedeling in Suid Afrika vanaf 1989. Kandidate moet relevante bewyse gebruik om hul argumentslyn te ondersteun. Indien kandidate nie saamstem nie moet hulle hul argument met relevante bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem deur **saam te stem of nie saam te stem nie** met die stelling dat Mikhail Gorbachev se beleide vanaf die middel-1980's tot die opkoms van 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika bygedra het. Hulle moet ‘n uiteensetting of voorbeelde verskaf van die inhoud wat hulle sal gebruik om hul argument te ondersteun.Indien kandidate nie saamstem nie moet hulle hul argument met relevante bewyse ondersteun.

UITBREIDING

SOWJETUNIE

- Sowjetunie het ekonomies swaargekry (agtergrondinligting)
- Gorbachev het in 1985 leier van die Sowjetunie geword en 'Perestroika' en 'Glasnost' ingestel
- Perestroika het kleinskaalse privaat eienaarskap toegelaat en regeringsbeheer oor produksie verwyder – verskuiwing weg van Kommunisme
- Glasnost het mense toegelaat om regering te kritiseer – onbekende kultuur onder Kommunisme
- Perestroika en Glasnost lei tot eise vir die beëindiging van Kommunisme en volle demokrasie
- Dit lei tot die einde van kommunisme en die einde van die Koue Oorlog/Rusland is nie meer as 'n supermoondheid beskou nie/Kommunisme is nie meer as 'n 'globale bedreiging' beskou nie

IMPAK OP SUID-AFRIKA

- Die VSA en hulle bondgenote kon nie meer voortgaan om die apartheidsregime te ondersteun nie
- Die Weste kon nou druk op die NP-regering sit om met die ANC te onderhandel of om voortgesette sanksies in die gesig te staar
- Die val van die Sowjetunie het druk gesit op beide die Nasionale Party-regering en die ANC om met onderhandelings te begin
- Die nederlaag van die SAW in 1988 gedurende die Slag van Cuito Cuanavale het die Nasionale Party aangespoor om onderhandelings met die kommuniste te begin oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika
- Suid-Afrika het uit Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesing gewen (1990) en dit Namibië hernoem

- Hierdie vreedsame oorgang van wit minderheidsregering na swart meerderheidsregering in Namibië het as 'n bloudruk vir SA gedien
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party-regering nie 'n wit oorheersingsregering vir ewig kon handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin agterkom dat apartheid nie die antwoord op die ontwikkeling van 'wit' ekonomiese belange was nie
- Die regering het begin glo dat hervorming die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas moes insluit wat as 'n 'skans teen rewolusie' moes optree
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse ondersteuning te kry nie
- Suid-Afrika kon nie meer op Westerse steun staatmaak vir hulle 'anti-kommunistiese' standpunt nie
- Wêreld politiek het verander en dit het 'n invloed op Suid-Afrika se apartheidsbeleid gehad
- Konstruktiewe betrokkenheid tussen FW de Klerk en Reagan (Amerikaanse President) met Margaret Thatcher (Britse Eerste Minister) gefasiliteer deur Chester Crocker
- Die NP kon nie meer kommunisme gebruik om hulle beleid van rassesegregasie te regverdig nie
- Die Nasionale Party se aanspraak dat dit Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanslag wou beskerm, het onrealisties geword
- De Klerk het die konserwatiewe PW Botha vervang nadat hy 'n beroerte in 1989 gehad het
- De Klerk het gedink die ANC sou verswak wees en het sy gewilligheid om met die ANC te onderhandel getoon
- Die USSR kon nie meer die ANC finansieel ondersteun nie want hulle was bankrot
- Die USSR kon nie meer die ANC van wapens voorsien nie aangesien dit vreedsame onderhandelinge voorgestaan het
- Die ANC kon nie voortgaan met die gewapende stryd teen die NP sonder hierdie militêre en finansiële ondersteuning nie
- Die ANC het ook nou gewilligheid getoon om met die NP te onderhandel as 'n alternatief tot die gewapende stryd
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie 'n sameswering was wat deur Moskou gelas is nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om by die bevrydingsorganisasies betrokke te raak om 'n blywende oplossing vir ‘n demokratiese Suid-Afrika te vind
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**TOTAAL: [150]**

Kopiereg voorbehou